# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2023

# GRAAD 10

**REKENINGKUNDE**

EXEMPLAR

**TYD:** 2½ uur

**PUNTE:** [illegible]00

**11 bladsye + 'n antwoordboek van 9 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Antwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is.

3. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.

4. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

5. Jy mag blou of swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Waar van toepassing, toon ALLE berekeninge tot EEN desimale punt.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as ’n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Poog om NIE hiervan af te wyk Nie.

| Vraag | Onderwerp | Punte | Tyd |
|---|---|---|---|
| 1 | AARP Konsepte en Transaksie-Ontleding | 55 | 40 minute |
| 2 | Konsepte en Salarisse | 45 | 34 minute |
| 3 | Algemene Joernaal en Grootboekrekeninge | 30 | 23 minute |
| 4 | Algemene Grootboekrekeninge en Interne Kontrole | 40 | 30 minute |
| 5 | Krediteure Rekonsiliasie en Interne Kontrole | 30 | 23 minute |
| **Totaal** | | **200** | **150 minute** |

EXEMPLAR

## VRAAG 1: AARP KONSEPTE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

**(55 punte; 40 minute)**

### 1.1 AARP KONSEPTE

Pas KOLOM A by KOLOM B. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Besigheidsentiteit | A | Finansiële rekords wat voorberei is, moet dieselfde rekeningkundige beginsels handhaaf regdeur rekeningkundige periodes. |
| 1.1.2 | Paring | B | Bankkoste en rente op oortrokke bank word apart in die boeke getoon. |
| 1.1.3 | Wesentlikheid | C | Die markwaarde van die grond en geboue is R4 000 000. Die oorspronklike koste in die finansiële rekords is R800 000. |
| 1.1.4 | Historiese koste | D | Voorraad geneem deur die eienaar vir eie gebruik word as onttrekkings in die boeke van die besigheid getoon. |
| 1.1.5 | Lopende saak | E | Die koste van verkope moet in dieselfde finansiële periode as die ooreenstemmende bedrag gegenereer uit verkoop van goedere getoon word. |
| | | F | Handelsvoorraad word getoon as R100 000 in die finansiële rekords, al kan dit slegs vir R75 000 in die voorsienbare toekoms verkoop word. |

(1 x 5) (5)

### 1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

Die transaksies verskyn in die boeke van Naidoo Handelaars. Die besigheid handhaaf 'n bruto wins opslag van 40**%** op kosprys.

**GEVRA:**

Ontleed die onderstaande transaksies volgens die tabel voorsien in die ANTWOORDBOEK. Die eerste transaksie is vir jou as 'n voorbeeld gedoen. (50)

**LET WEL:** Aanvaar dat die banksaldo ongunstig vir al die transaksies is.

**Voorbeeld:** Koop skryfbehoeftes vir kontant, R3 000.

EXEMPLAR

**TRANSAKSIES:**

A. Verkoop goedere vir kontant aan klante, R91 000.

B. Die eienaar het voorraad ter waarde van R15 000 geneem vir eie gebruik.

C. Betaal J.A. Gupta, 'n krediteur, R13 500 per EFO, nadat 'n korting van 10% afgetrek is.

D. Ontvang R55 000 van NBS Bank. Dit is vir die vaste deposito wat verval het plus rente. Die vaste deposito is 12 maande gelede aangegaan teen 'n rentekoers van 10% p.j.

E. Die bankstaat ontvang van BB Bank aan die einde van die maand, toon die volgende:

- Kontantdeposito fooie R350
- Administrasie fooie R200
- Rente op ongunstige banksaldo R700

F. Koop handelsware van J.A. Gupta, 'n krediteur, vir R40 000 en ontvang 'n 5% handelskorting.

**55**

EXEMPLAR

**VRAAG 2: KONSEPTE EN SALARISJOERNAAL** **(45 punte; 34 minute)**

2.1 **KONSEPTE**

2.1.1 Verduidelik die verskil tussen *salarisse* en *lone*. (2)

2.1.2 Aan watter staatsdepartemente word die volgende betaal?

- LBS
- WVF (2)

2.2 **SALARISJOERNAAL**

**HAIRCUT 100**

Haircut 100 is ŉ salon en word besit deur Nick Heyward. Hy het onlangs die besigheid begin en het hulp gevra rakende salarisse.

**GEVRA:**

2.2.1 Gebruik die onderstaande inligting en onderstaande om die Salarisjoernaal vir Desember 2022 op te stel. (41)

**INLIGTING A:**

**Salaris inligting vir Desember 2022**

| **Besonderhede** | **B. Ma[illegible]umo** | **[illegible]. Abrahams** | **T. Khumalo** |
|---|---|---|---|
| Basiese salaris | ? | R12 000 | R12 000 |
| Bonus | 100% van maandelikse basiese salaris | 90% van maandelikse basiese salaris | Geen |
| **Aftrekkings** | **S. Ma[illegible]** | **J. Murray** | **K. Mashaba** |
| LBS | R[illegible] 900 | R1 300 | R1 300 |
| First Pensioen Fonds | [illegible]0% van basiese salaris | 10% van basiese salaris | 10% van basiese salaris |
| KO[illegible] mediese fonds | R[illegible]000 op basiese salaris van R10 000, en ŉ verdere 5% word gebruik om mediese aftrekking te bereken vir alle bedrae bo R1[illegible]000. | | |
| WVF | [illegible]% van basiese salaris | 1% van basiese salaris | 1% van basiese salaris |

**INLIGTING B:**

Werkgewersbydraes vir die maand van Desember, is soos volg:

- Aan die pensioenfonds R1,50 vir elke R1 afgetrek van die werknemer.
- Aan die mediese fonds R2 vir elke R1 afgetrek van die werknemer.
- Aan die WVF op ŉ rand tot rand basis.

**45**

## VRAAG 3: ALGEMENE JOERNAAL EN GROOTBOEKREKENINGE

**(30 punte; 23 minute)**

### VICIOUS HANDELAARS

Die inligting voorsien is onttrek uit die rekeningkundige rekords van Vicious Handelaars op 28 Februarie 2023. Die besigheid gebruik ŉ winsopslag van 50% op kosprys.

### GEVRA:

Boekstaaf die onderstaande transaksies in die Algemene Joernaal. Redes hoef nie gegee te word nie. (30)

**Transaksies vir die maand, Februarie 2023:**

A. Hef rente teen 10% p.j. op L. Dlamini, ŉ debiteur, se agterstallige rekening. Sy saldo van R1 500 is twee maande agterstallig.

B. ŉ Gebou is herstel teen R6 500. Die bedrag is foutiewelik na die Grond- en Gebouerekening oorgeboek.

C. Korting van R600 ontvang van Marie Handelaars is foutiewelik na die rekening van ŉ krediteur, Mario Brothers, geboekstaaf. Stel die fout reg.

D. ŉ Kredietnota is uitgereik aan J.P. Morgan, ŉ debiteur, vir goedere teruggestuur deur hom vir R8 600. Die inskrywing is weggelaat uit die rekords.

E. Ontvang R900 van G. Hansen, ŉ debiteur wie se rekening voorheen afgeskryf is. Die inskrywing is in die Debiteurekontrole rekening in die KOJ ingeskryf en so oorgeboek. Stel die fout reg.

F. Ontvang ŉ EFO vir R1 520 van ŉ debiteur, A.B. Villiers, wat ŉ dividend van 40 sent uit elke rand wat hy die besigheid skuld, is. Die geld ontvang is behoorlik in die Kontantontvangstejoernaal geboekstaaf. Skryf die res af.

G. Plaas ŉ kredietsaldo van R750 van J. Michil in die Debiteuregrootboek oor na sy rekening in die Krediteuregrootboek.

H. 25% van die goedere wat die besigheid gekoop het vir R18 000, is teruggestuur aan Ray Verskaffers, ŉ krediteur. Die terugsendings is foutiewelik in die Krediteuregrootboek van Ray Handelaars geboekstaaf.

EXEMPLAR

## VRAAG 4: ALGEMENE GROOTBOEK EN INTERNE KONTROLE

**(40 punte; 30 minute)**

### 4.1 ALGEMENE GROOTBOEK

Die inligting voorsien het betrekking op die finansiële rekords van Maningi Handelaars vir die maand geëindig 28 Februarie 2023. Die besigheid gebruik ŉ winsopslag van 50% op kosprys.

**GEVRA:**

Stel die volgende rekeninge in die algemene grootboek op:

4.1.1 Debiteurekontrole (14)

4.1.2 Handelsvoorraad (16)

**Skryf folio verwysings in en saldeer die grootboekrekeninge behoorlik.**

**INLIGTING A:**

Die volgende saldo's verskyn in die boeke op 1 Februarie 2023:

| | |
|---|---|
| Debiteurekontrole | R67 800 |
| Krediteurekontrole | R80 600 |
| Handelsvoorraad | R173 200 |

**INLIGTING B:**

**Kontantontvangstejoernaal vir Februarie 2023**

| Bank | Verkope | Koste van verkope | Debiteure-kontrole | Korting toegestaan | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| [illegible] 500 | 234 000 | 156 000 | ? | 10 000 | 1 000 |

**Kontantbetalingsjoernaal vir Februarie 2023**

| Bank | Handels-voorraad | Krediteure-kontrole | Korting ontvang | Skryfbehoeftes | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| 433 900 | 80 000 | 355 500 | 4 000 | 1 500 | 900 |

**Debiteurejoernaal vir Februarie 2023**

| Verkope | Koste van verkope |
|---|---|
| ? | 90 600 |

**Debiteure Afslagjoernaal vir Februaie 2023**

| Debiteure afslag | Koste van verkope |
|---|---|
| 17 100 | ? |

**Krediteurejoernaal vir Februarie 2023**

| Krediteure-kontrole | Handels-voorraad | Toerusting | Verbruiksgoedere | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| 258 600 | 84 300 | 150 000 | 24 000 | 300 |

**Krediteure Afslagjoernaal vir Februarie 2023**

| Krediteure-kontrole | Handels-voorraad | Toerusting | Skryfbehoeftes | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| 81 000 | ? | [illegible]0 000 | 1 500 | 500 |

**Algemene Joernaal vir Februarie 2023**

| Debiteurekontrole | | Krediteurekontrole | |
|---|---|---|---|
| Dt | Kt | Dt | Kt |
| 3 800 | 960 | 1 050 | 170 |

EXEMPLAR

## 4.2 INTERNE KONTROLE

### RAINBOW HANDELAARS

Die onderstaande inligting is onttrek uit die boeke van Rainbow Furnishers, wat besit word deur Ray Ndlovu.

**GEVRA:**

Verwys na die onderstaande inligting wat voorsien is en beantwoord die vrae wat volg.

4.2.1 Ray is bekommerd oor die voorraadsyfers. Hy vermoed dat daar werknemers is wat van die besigheid steel. Verskaf berekeninge om sy bekommernis te staaf. (**Verwys na Inligting A.**) (2)

4.2.2 Voorsien TWEE interne kontrole maatreëls wat geïmplementeer moet word om die voorraad teen diefstal te beskerm. (4)

4.2.3 Lewer kommentaar op die terugsending van goedere deur klante. Verskaf syfers om jou antwoord te staaf. Watter kontrolemaatreëls moet in plek gesit word deur die besigheid? (**Verwys na Inligting B.**) (4)

**INLIGTING A**

**Saldo's en transaksies wat handelsvoorraad beïnvloed**

| | |
|---|---|
| Beginsaldo | R85 000 |
| Handelsvoorraadaankope gedurende die maand | 75 000 |
| Koste van goedere verkoop gedurende die maand | 63 000 |
| Eindsaldo | 89 000 |

**INLIGTING B**

**Opsomming van transaksies met betrekking tot verkope en debiteure**

| | |
|---|---|
| Saldo (1 Maart 2023) | R19 220 |
| Kredietverkope | 21 000 |
| Totale verkope | 39 000 |
| Verkoopprys van goedere teruggestuur deur klante | 4 680 |
| Bank (bedrag ontvang van debiteure gedurende die maand) | 22 480 |
| Saldo (31 Maart 2023) | 15 060 |

**40**

EXEMPLAR

## VRAAG 5: KREDITEURE REKONSILIASIE EN INTERNE KONTROLE

**(30 punte; 23 minute)**

### 5.1 KREDITEURE REKONSILIASIE

**KAGISO HANDELAARS**

Die onderstaande inligting vir Februarie 2023 voorsien het betrekking op die boeke van Kagiso Handelaars.

**GEVRA:**

5.1.1 Gebruik die onderstaande inligting om die Krediteurekontrolerekeninge met die krediteurelys reg te stel en te rekonsilieer. (26)

5.1.2 Die interne ouditeur van Kagiso Handelaars, het faktuur van verskaffers identifiseer wat nie ooreenstem met die inskrywings in die voorraadrekords van die besigheid nie. Hy vermoed dat sommige goedere nie by die besigheid afgelewer is nie.

Watter maatreëls behoort implementeer te word om te voorkom dat daar betaal word vir goedere wat nie deur die besigheid ontvang word nie? Verskaf TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

**A: ALGEMENE GROOTBOEK VAN KAGISO HANDELAARS**

| KREDITEUREKONTROLE | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Feb 28 | Bank en korting ontvang | KBJ | 30 800 | Feb 28 | Saldo | a/b | 8 330 |
| | Krediteure afslag | KA | 4 800 | | Totale aankope | KJ | 48 400 |
| | Joernaalkrediete | AJ | 580 | | Joernaaldebiete | AJ | 450 |
| | Saldo | c/b | 21 000 | | | | |
| | | | **57 180** | | | | **57 180** |
| | | | | Mar 1 | Saldo | a/b | 21 000 |

| B. KREDITEURELYS | |
|---|---|
| | **Krediet** |
| S. Mvelase | 7 500 |
| M. Pillay | 3 800 |
| G. George | 2 850 |
| R. Mokoena | 6 300 |
| | 20 450 |

EXEMPLAR

**ADDISIONELE INLIGTING:**

(i) Die beginsaldo in die krediteurekontrole rekening is te veel met R1 500.

(ii) Die bedrag vir goedere gekoop van R. Mokoena is foutiewelik geboekstaaf as R6 750 in die boeke. Die korrekte syfer verskyn op die faktuur, R6 570.

(iii) ŉ Bedrag van R2 400 is oorgeplaas na S. Mvelase per EFO. Die transaksie is nog nie geboekstaaf in die boeke van die besigheid nie.

(iv) ŉ Debietnota uitgereik aan R. Mokoena vir R360 is nog nie in die joernaal aangeteken nie, maar is oorgeboek na sy rekening in die Krediteuregrootboek.

(v) P. George is R850 betaal. Die transaksie is korrek aangeteken in die joernaal maar nie oorgeboek na sy grootboekrekening nie.

(vi) ŉ Debietnota van R250 gestuur aan M. Pillay is aangeteken as aankope in sy grootboekrekening. Hierdie transaksie is korrek in die joernaal aangeteken.

(vii) Die totale van die Krediteureafslagjoernaal is te klein met R300 en is so oorgeboek.

**30**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**

EXEMPLAR